

## SESSIE IN SECURITATEM DEBITI

1. Die onderwerp, sessie *in securitatem debiti*, is losweg vertaal sessie ter versekering van 'n skuld / “*cession to secure a debt*”. Toevallig was ek onlangs by drie sake betrokke waar sessie *in securitatem debiti* ter sprake was en waar hierdie regsfiguur onbillikhede en onduidelikhede tot gevolg gehad het. Daarom die onderwerp van hierdie intreerede. Van die teenwoordiges is nie regsgeleerdes nie, en ter inleiding 'n kort verduideliking van die staanplek van sessie in die reg.
2. Regsgeleerdes het die regte of belange waarvoor 'n persoon kan beskik, in vier kategorie verdeel, naamlik (i) saaklike regte waar die objek van jou reg 'n fisiese saak is soos jou huis of motor; (ii) persoonlikheidsregte waar die objek regte is wat aan jou as persoon kleef soos jou ligaamlike integriteit, goeie naam, eer, privaatheid ens; (iii) immateriële goedere regte waar die objek van jou reg geestes produkte is soos outeursreg, patentereg, ens; (iv) vierdens dan vorderingsregte waar die objek van jou reg die reg op vordering van prestasie teenoor 'n ander persoon is, byvoorbeeld as jy gewerk het om jou salaris van jou werkgewer te vorder, as iemand iets aan 'n persoon verkoop het, die vorderingsreg om die koopprys te vorder en byvoorbeeld waar jy 'n polis uitgeneem het, die vorderingsreg om by rywording van die polis, die opbrengs van die polis van die versekeraar te vorder, ens. Prof. Johan Neethling het 'n vyfde kategorie voorgestel naamlik persoonlike immateriële goedereregte soos byvoorbeeld jou reg op jou verdienvermoë, kredietwaardigheid, ens.

3. Met hierdie regte woeker ons, neem daarmee deel in die handelsverkeer, vervreem en verkry sekere bates en bou ons 'n boedel deur die jare op wat uit hierdie regte of bates bestaan.
  
4. Wat die oordrag van sake betref is elkeen elke dag daarmee betrokke. Ons koop 'n brood, betaal daarvoor en word die brood aan ons gelever/oorgedra. 'n Persoon word nie eienaar deur 'n saak aan te koop en die koopprys te betaal nie. Eiendomsreg gaan eers oor by lewering/oordrag. Onroerende sake word oorgedra deur middel van registrasie in die Akteskantoor en roerende sake, soos die voorbeeld van die brood, oorgedra van hand tot hand en as jy byvoorbeeld jou motor koop of verkoop, nadat die koopprys betaal is, kan dit aan jou gelever word deur die motor uit te wys en die sleutels aan jou te oorhandig.
  
5. Vorderingsregte is egter nie iets van die stoflike natuur, nie tasbaar en daarom nie vir uiterlike oordrag vatbaar soos sake wat deel vorm van die stoflike natuur nie. Tog vorm dit 'n bate in jou boedel waarmee in die handelsverkeer deelgeneem word. By 'n besigheid is sy handelsdebiteure dikwels die grootste bate waaroor dit beskik. Die oordrag van hierdie vorderingsregte vind deur blote ooreenkoms plaas.<sup>1</sup> Deur ooreenkoms word dit van een persoon se boedel na 'n ander persoon se boedel oorgedra. Hierdie oordragshandeling word sessie genoem. Die oordraggewer word die sedent genoem

---

<sup>1</sup>

BOTH A v FICK 1995(2) SA 750 A op 762 A – H en 778 F – G.

en die verkryging die sessionaris. Sessie, die oordragshandeling, word onderskei van die verbintenisskeppende ooreenkoms wat die causa of rede vir hierdie oordrag vorm.<sup>2</sup> Vergelyk weer die posisie met sake. Die koopkontrak van 'n motor is die verbintenisskeppende ooreenkoms maar eiendomsreg gaan eers na betaling by lewering oor.

6. Dit is duidelik dat by sessie van vorderingsregte, behalwe die kontrakspartye by die verbintenisskeppende ooreenkoms en die oordragshandeling, naamlik die sedent en die sessionaris, daar ook 'n skuldenaar is teenoor wie 'n vorderingsreg afdwingbaar is. Uit ons voorbeeld, byvoorbeeld die skuldenaars van 'n handelaar, of die versekeraar by 'n polis. Wat by sessie gebeur is dat daar 'n vervanging van skuldeisers is. Die sessionaris tree nou in die skoene van die sedent as skuldeiser. Die skuldenaar is egter geensins 'n party of betrokke by die verbintenisskeppende ooreenkoms of die sessie nie. Sy kennis of toestemming is nie nodig nie.<sup>3</sup> Word hy nie van die sessie in kennis gestel nie en hy betaal

<sup>2</sup> **“SESSIE KAN GESIEN WORD AS ‘N OORDRAGSHANDELING (ACT OF TRANSFER) OM DIE OORDRAG VAN ‘N VORDERINGSREG (TRANSLATIO JURIS) TE LAAT PLAASVIND. DIT GESKIED DEUR MIDDEL VAN ‘N OORDRAGSOOREEKOMS (AGREEMENT OF TRANSFER) TUSSEN DIE SEDENT EN DIE SESSIONARIS UIT HOOFDE VAN ‘N JUSTA CAUSA WAARUIT DIE BEDOELING VAN DIE SEDENT OM DIE VORDERINGSREG OP DIE SESSIONARIS OOR TE DRA) (ANIMUS TRANSFERENDI) EN DIE BEDOELING VAN DIE SESSIONARIS OM DIE REGHEBBENDE VAN DIE VORDERINGSREG TE WORD (ANIMUS ACQUIRENDI), BLYK OOK AFGELEI KAN WORD. DIE OORDRAGSOOREENKOMS KAN SAAMVAL MET OF VOORAFGEGAAN WORD DEUR ‘N JUSTA CAUSA WAT ‘N VERBINTENISSKEPPENDE OOREENKOMS (OBLIGATORY AGREEMENT) KAN WEES, SOOS BYVOORBEELD ‘N KOOPKONTRAK, ‘N RUILKONTRAK, ‘N SKENKINGSKONTRAK, ‘N SKIKKINGSOOREENKOMS OF SELFS ‘N BETALING (SOLUTIO). JOHNSON v INCORPORATED GENERAL INSURANCE LTD 1983(1) SA 318 AA op 331 G – H.**

<sup>3</sup> **LAWSA (SECOND EDITION) VOL. 2, DEEL 2, PAR. 6**

ter goeder trou aan die sedent word hy beskerm deurdat dit as kwytstelling van sy skuld beskou word.<sup>4</sup>

7. In die handelsverkeer wil reghebbendes van vermoënsregte, soos vorderingsregte en sake, nie altyd hierdie belange in totaal oordra aan 'n skuldeiser nie, maar wil dit dikwels slegs as sekuriteit vir sy skuld aanbied. Byvoorbeeld die meeste van ons het 'n woonhuis waarop 'n verband rus, die bank verskaf die geld om die huis te koop en ons bied die huis aan as sekuriteit en 'n verbandakte word daarvoor geregistreer. Ons bly steeds eienaar van die huis. Die bank word nie eienaar nie. By roerende goed kan ons na die spreekwoordelike pandjieswinkel gaan, geld daar leen en 'n saak soos 'n horlosie of wat ookal in pand gee as sekuriteit dat ons die skuld sal terugbetaal, waarna ons weer die horlosie terugkry. Eienaarskap bly by die pandgewer of verbandgewer en gaan nie oor na die verbandhouer of pandhouer nie. Daar is 'n behoefte dat 'n persoon sy vorderingsregte net as sekuriteit vir sy eie skuldeiser wil aanbied en wanneer dit dan plaasvind word die terminologie en begrip van sessie *in securitatem debiti* gebruik.
8. Twee uiteenlopende benaderings oor die wetenskaplike verklaring van hierdie regsfiguur word al baie jare. Een benadering is die sogenaamde “*uit-en-uit*” sessie met 'n

---

<sup>4</sup> **REGTENS BOTS HIERDIE REËL MET DIE BASIESE BEGINSELS DAT DIE SESSIONARIS DIE SEDENT AS SKULDEISER OPGEVOLG HET EN DAT DIE SKULDENAAR SLEGS ONTDAAN WORD VAN SY AANSPREEKLIKHEID INDIEN HY AAN SY SKULDEISER BETAAL. DIE GRONDSLAG IS EGTER GELEË IN BILLIKHEID EN DIE GEVOLGE VAN DIE SESSIONARIS SE VERSUIM OM DIE SKULDENAAR VAN DIE SESSIE IN KENNIS TE STEL.**

verstandhouding dat as die sedent sy skuld betaal, 'n sogenaamde *pactum fiduciae*, die sedent onderneem en verplig is om die vorderingsreg weer terug te sedeer. Die risiko van hierdie standpunt vir die sedent is duidelik waar die sessionaris insolvent raak of waar sy skuldeisers beslag lê op sy belange. Dit is duidelik in konflik met die ware bedoeling en oogmerk van die partye.

9. Die tweede standpunt, analoog aan die pandkonstruksie by roerende sake, is dat die vorderingsreg “*verpand*” word terwyl die sedent intussen steeds die “*bare dominium*” van, of “*reversionary interest*”, in die vorderingsreg behou.<sup>5</sup> Die sedent “*merely divest himself of the capacity to institute action to enforce the claim ... He or she (cessionary) acquires locus standi and is the only one who can sue.*”<sup>6</sup> By insolvensie van die sedent val die vorderingsreg in sy boedel en kan sy kurator dit vorder, maar het die sessionaris 'n versekerde eis op die opbrengs, slegs die oorskot val dan die sedent se ander skuldeisers toe.<sup>7</sup> So ook by 'n beslaglegging deur 'n sedent se skuldeisers. By voldoening van die skuld, val die

<sup>5</sup> NIENABER : LAWSA (2<sup>ND</sup> EDITION), VOL. 2, PAR. 53.

<sup>6</sup> LUBBE : LAWSA (2<sup>ND</sup> EDITION), VOL. 17, PAR 4.4; SUSAN SCOTT THRHR (1997) P. 179 – 178; NIENABER : LAWSA (2<sup>ND</sup> EDITION), VOL. 2, PAR. 53, NOOT 15 VERDUIDELIK: “... THE EXCLUSIVE RIGHT TO CLAIM OR RECEIVE PERFORMANCE, WHICH IS OSTENSIBLY TRANSMITTED TO THE CESSIONARY... OF COURSE THE HOLDER OF THE RIGHT MAY AUTHORISE SOMEONE ELSE TO REALISE IT ON HIS OR HER BEHALF – BUT THAT IS A MATTER OF MANDATE, NOT CESSION.” “... THE CEDENT CEDES TO THE CESSIONARY THE EXCLUSIVE RIGHT TO CLAIM AND RECEIVE ...” BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 (A) op 294 C – D.

<sup>7</sup> ILLINGS (ACCEPTANCE) COMPANY (PTY) LTD v ENSOR N.O. 1982(1) SA 570 A op 578 E (PER VAN HEERDEN AJA); SIEN OOK: AFRICAN CONSOLIDATED AGENCIES (PTY) LTD v SIEMENS NIXDORF INFO SYSTEMS 1992(2) SA 739 CPD DAT DIE PRAKTIESE REËLING BY INSOLVENSIE, DIE KURATOR VAN DIE SEDENT, DIE VORDERINGSREG KAN AFDWING, “*PECULIAR TO THE INSOLVENT CEDENT*” IS. (OP 443 A – B).

vorderingsreg outomaties, sonder 'n terugsessie, terug in die boedel van die sedent.<sup>8</sup>

10. In die jongste uitspraak van ons Hoogste Hof van Appèl, **Grobler v Oosthuizen**, word duidelik standpunt ingeneem ten gunste van die pand teorie en ook die beginsel dat die vorderingsreg by voldoening, outomaties na die sedent se boedel terugval.<sup>9</sup> By hierdie belangrike uitspraak word vir 'n wyle stilgestaan.
11. Kortliks het Grobler 'n plaas by 'n maatskappy Mothibi op **14 Augustus 1991** gekoop. Die koopprys sou betaal word deur die opbrengs van 'n polis wat Grobler aan die verkoper sou sedeer. Die polisopbrengs sou op **30 Junie 2001** betaal word.

<sup>8</sup> NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD v COHEN'S TRUSTEE 1911 AD 235 op 246 – 247; BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 A op 294 E – F; GROBLER v OOSTHUIZEN 2009(5) SA 500 SCA op 509 B – F.

<sup>9</sup> GROBLER v OOSTHUIZEN 2009(5) SA 500 SCA. OP 510 H – I. ANDERSINS Sê DIE HOF, SOOS APPÈLREGTER STREICHER TOE HY NOG 'N ADVOKAAT WAS IN 'N REFERAAT DIE STANDPUNT GEHULDIG HET DAT DIE HOWE DIE PANDTEORIE ERKEN WANT BY GEBREKE DAARVAN SAL ONS HOWE VOORTDUREND GETAAK WORD OM DIE PARTYE SE BEDOELING TE BEPAAL: SCOTT, S “*SESSIE IN SECURITATEM DEBITI – QUO VADIS*, P. 147. APPÈLREGTER BRAND VERDUIDELIK: “*BUT DESPITE THE DOCTRINAL DIFFICULTIES ARISING FROM THE PLEDGE THEORY, THIS COURT HAS IN ITS LATEST SERIES OF DECISIONS – PRIMARILY FOR PRAGMATIC REASONS – ACCEPTED THAT THEORY IN THE PREFERENCE TO THE OUTRIGHT – CESSION – PACTUM FIDUCIAE CONSTRUCTION ... IN THE LIGHT OF THESE DECISIONS THE DOCTRINAL DEBATE MUST, IN MY VIEW, BE REGARDED AS SETTLED IN FAVOUR OF THE PLEDGE THEORY.*” GROBLER v OOSTHUIZEN 2009(5) SA 500 SCA op 5079 – 508 B. DIE HOF VERWYS NA: LEYDS v NOORD-WESTELIKE KO-OPERATIEWE LANDOU-MAATSKAPPY BPK EN ANDERS 1985(2) SA 769 A op 780 E – G; BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 A op 291 H – 294 H; INGLEDON (WELKOM) PTY LTD v QUA-QUA DEVELOPMENT CORPORATION LTD 1990(4) SA 798 A op 804 F – J; MILMAN N.O. v TWIGGS AND ANOTHER 1995(3) SA 674 A op 676 H; DEVELOPMENT BANK OF SOUTHERN AFRICA LTD v VAN RENSBURG AND OTHERS N.N.O 2002(5) SA 425 SCA op PAR. 50.

Die polisse is uitgeneem by Sanlam maar is nie aan die maatskappy nie, maar aan sy enigste direkteur, Oosthuizen, seeder. Oosthuizen sterf gedurende **Januarie 1997** en word twee van die polisse deur die eksekuteurs aan Oosthuizen se vrou as die enigste erfgenaam, verder seeder. Gedurende **September 1997** vorder sy hierdie polisse se opbrengs vanaf Sanlam en word 'n bedrag van R740 677,24 op **16 September 1997** aan haar betaal. Die causa vir die sessie, naamlik koopkontrak van die grond was egter van meet af nietig omrede hierdie grond in die destydse Bophuthatswana geleë was en as jy nie 'n burger van die land was nie, moes ministeriële toestemming vir die koop verkry word. Dit is nooit verkry nie. Transport van die eiendom kon derhalwe nie plaasvind nie. Oosthuizen sit nou met die grond en geld. Grobler eis hierdie bedrag vanaf Oosthuizen terug. Die verweer wat geopper word deur Oosthuizen is verjaring, dat Grobler se eis baseer is op 'n terugsessie wat reeds terugseerbaar was vanaf die moment wat die kontrak gesluit is, weens die nietigheid van die kontrak, naamlik **Augustus 1991** en dat sy eis derhalwe verjaar het. Die pleitstukke het klaarblyklik op 'n terugsessie gesteun en as dit inderdaad 'n uit-en-uit sessie was, was dit gemeensaak dat Grobler se eis verjaar. Die eerste Regter wat die aksie aanhoor bevind in die guns van Grobler maar op drie gronde wat al drie verkeerd is. Oosthuizen appelleer na die Volbank en die Volbank van die Noord-Kaap steun op 'n aanhaling in die **Ingledon (Welkom) Ltd-** saak waar die Appèlhof die volgende van 'n sessie *in securitatem* vermeld:

*“When the company executed the CED (cession in securitatem debiti) it thus retained the ownership of its rights against the (principal debtor) ... That ownership, as appears from the authorities, consists in a reversionary interest which entitled the owner (cedent) to claim the recession of the rights upon the payment of the indebtedness.”<sup>10</sup>*

12. Die Volbank bevind dan dat Grobler se eis inderdaad op ‘n terugsessie van die polis baseer is en daarom verjaar het. Die Hoogste Hof van Appèl bevind dat die woorde van ‘n sessie nie die substansie van die transaksie kan verbloem nie. Dat wat hier ter sprake is, was te alle tyd ‘n sessie van vorderingsregte ter versekering van die koopprijs en dat dit daarom nie ‘n uit-en-uit sessie is nie. Tweedens dat die bepaling of aanhaling waarop die Volbank gesteun het nie die regsposisie korrek weergee nie. Dit sal daarop neerkom dat die Howe weer terugval, ten spyte van die vorige Appèlhof uitsprake, dat waar ‘n sessie in securitatem debiti verleen is, en die hoofskuld betaal word, daar nie van terugsessie sprake is nie maar dat die vorderingsreg weer outomaties terugval na die sedent.<sup>11</sup>

<sup>10</sup> INCLEDON (WELKOM) (PTY) LTD v QUA-QUO DEVELOPMENT CORPORATION 1990(4) SA 798 A op 804 I – J.

<sup>11</sup> NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD v COHEN’S TRUSTEE 1911 AD 235 op 246 – 247; BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 A op 294 E – F. DIE HOF VERWYS OOK NA SUSAN SCOTT SE WERK WAAR SY DIE RATIO VAN HIERDIE REEL SOOS VOLG OPSOM: “THE ACCESSORY NATURE OF PLEDGE HAS THE EFFECT THAT ON THE DISCHARGE OF THE PRINCIPAL DEBT, THE RIGHT OF PLEDGE IS AUTOMATICALLY EXTINGUISHED. IN THE CASE OF THE PLEDGE OF CORPOREALS THE PLEDGE IS, AFTER THE EXTINCTION OF THE RIGHT OF PLEDGE, STILL IN POSSESSION OF THE PLEDGE ARTICLE, WHICH HE MUST THEN HAND OVER TO THE PLEDGOR. IN THE CASE OF A PLEDGE OF INCORPOREALS WHERE ONLY THE POWER TO REALISE THE RIGHT IS TRANSFERRED, THIS POWER REVERSE TO



13. Appèlregter Brand trek die analogie by voldoening aan die hoofskuld deur na die posisie waar die hoofskuld nooit bestaan het nie “*without the principal debt the cession cannot stand and it matters not whether the principal debt is extinguished or never existed at all.*” Daar word verwys na vorige uitsprake wat opsommenderwys ‘n onderliggende causa vir sekerheidstelling beklemtoon. As daar geen causa vir sekerheidstelling bestaan of die hoofskuld uitgewis word, ontbreek die rede of voortbestaan van die sessie.<sup>12</sup>
14. Die verdere argument van Oosthuizen se advokaat was dat Grobler se vorderingsreg steeds teen Sanlam voortbestaan. Dat Sanlam gedagvaar behoort te word en dat Sanlam dan weer ‘n verrykingseis teen Oosthuizen kan instel. Appèlregter Brand se antwoord is dat waar ‘n skuldenaar, onwetend van die sessie, aan die sedent betaal, daar geldige betaling geskied het en dat hy ontdaan is van verdere

---

***THE PLEDGOR AUTOMATICALLY RENDERING IT UNNECESSARY FOR THE PLEDGEE TO RECEDE IT TO HIM.*** (SUSAN SCOTT : THE LAW OF CESSION (2DE UITGAWE), (PAR. 12.2.1.3.)

<sup>12</sup>

**GROBLER v OOSTHUIZEN (SUPRA) P. 509 – 510 I – A, VERWYSENDE NA**

**STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA (PTY) LTD v NEETHLING N.O. 1958(2) SA 25 C op 30 A – D. RAKENDE DIE INHOUD VAN ‘N SEDENT SE “REVERSIONARY INTEREST” WORD MET GOEDKEURING VERWYS NA REGTER NIENABER SE OMSKRYWING DAARIN IN DEVELOPMENT BANK OF SOUTH AFRICA LTD v VAN RENSBURG- SAAK: “*THE REVERSIONARY INTEREST, PROPERLY UNDERSTOOD, REFERS TO THE CEDENT’S INTEREST IN THE DEBTOR’S PERFORMANCE (I.E., SATISFACTION OF THE PRINCIPAL DEBT BY THE DEBTOR) RATHER THAN TO HIS INTEREST IN THE CESSIONARY’S PERFORMANCE (E.I., RECESSION OF THE PRINCIPAL DEBT ON SATISFACTION OF THE SECURED DEBTOR WHICH IS A RIGHT EX CONTRACTU AGAINST THE CESSIONARY)”.* (DEVELOPMENT BANK OF SOUTHERN AFRICA LTD). HIERDIE UITGANGSPUNT WORD OOK VOLLEDIG DEUR APPÈLREGTER NIENABER UITEENGESIT IN SY BYDRAE TOT LAWSA, VOL. 2, PAR. 53, VOETNOOT 14 – 16. (EIE KURSIVERING).**

aanspreeklikheid. Die Hof trek die analogie deur dat Sanlam, toe die betaling aan Oosthuizen gemaak is, onbewus was dat Oosthuizen nie meer die ware skuldeiser is nie. Die ware skuldeiser is Grobler en het hierdie eise weer outomaties teruggeval het in die boedel van Grobler vir verhaling daarvan, vanaf die vorige sessionaris, Oosthuizen. Grobler het 'n eis teen Oosthuizen wat ontstaan het toe Oosthuizen die geld van Sanlam gedurende **September 1997** ontvang het. Die dagvaarding is binne drie jaar uitgereik gedurende **Junie 2000** en dat Grobler se eis derhalwe nie verjaar het nie. Twee aspekte van hierdie uitspraak word verder na gekyk.

15. Eerstens wat sal die grondslag van so 'n eis wees? Sanlam is uit die prentjie. Die eis is tussen Grobler en Oosthuizen se boedels. Is dit 'n kontraktuele, deliktuele of verrykingseis? Dit kan nie 'n kontraktuele eis wees waar 'n gegriefde kontraktant die kontrak aanveg en restitusie vorder nie. Daar was nooit 'n kontrak nie. Waar prestasie geskied het weens 'n "*kontrak*" wat nie bestaan nie, was die prestasie *sine causa*. Hier is geld gelewer sonder 'n regsgrond en is die vorderingsreg myns insiens 'n verrykingseis, waarskynlik onder die *condictio indebiti*.<sup>13</sup>

---

<sup>13</sup> **GROBLER v OOSTHUIZEN (SUPRA) P. 511 H – I. : "I THINK THE SIMPLE ANSWER IS THIS: ONCE THE PRINCIPAL DEBT HAD AUTOMATICALLY REVERTED TO THE CEDENT – EITHER BECAUSE A SECURED DEBT NEVER EXISTED OR BECAUSE IT HAD BEEN DISCHARGED, - COLLECTION OF THE PRINCIPAL DEBT BY THE ERSTWHILE CESSIONARY MUST BE FOR THE ACCOUNT OF THE ERSTWHILE CEDENT FOR THE RECOVERY OF WHICH THE LATTER THEN HAS A CLAIM AGAINST THE FORMER."**

16. Tweedens dat die debat finaal tot ruste gelê is en by sessies ter versekering van 'n skuld, die pand teorie geld. Een beweegrede is dat die Howe andersins telkens getaak sal word om die partye se bedoeling vas te stel. Beteken dit soos Prof. Lubbe en Scott dit blykbaar verstaan ... *“that it is incomprehensible that the Courts refuse to acknowledge the possibility that a cession in securitatem debiti can take the form of either a pledge, or an out-and-out cession.”*<sup>14</sup> Appèlregter Brand handel met die aspek soos volg: *“This leads one to Oosthuizen’s alternative argument which was based on the postulate that even though this Court – in the series of decisions I have referred to – opted for the pledge theory he did not thereby in effect forbid the parties to mould their cession in securitatem debiti in the alternative form of an out-and-out cession coupled with a pactum fiduciae. The validity of this postulate appears to be accepted by some authorities (See EG Alexander and Another v Standard Merchant Bank Ltd 1978(4) SA 730 W at 739 – 740; African Consolidated Agencies (Pty) Ltd v Siemens Nixdorf Information Systems (Pty) Ltd 1992(2) SA 739 C op 744 F – I; Susan Scott opsit par. 2.2.2), while it is doubted by others (See EG Farlam and Hathaway : Contract : Case, materials and commentary 3<sup>rd</sup> Edition (by Lubbe and Murray) at 700; Lawsa opsit para. 53 FN 18 and the authorities their cited). I find it unnecessary to decide this debate one way or the other.”*

---

<sup>14</sup>

LUBBE : LAWSA, VOL. 17, PAR. 414; SCOTT : THE LAW OF CESSION P. 233 EN VOLGENDE: SCOTT : VERPANDING VAN VORDERINGSREGTE : UITEINDELIKE SEKERHEID? 1987 THRHR P. 175 – 194.

17. Ek stem saam met Appèlregter Nienaber se standpunt, soos weergegee in Lawsa (Vol. 2, Par. 53), dat partye behoort toegelaat te word om hulle ooreenkoms, rakende sekerheidstelling van 'n skuld deur sessie, in enige van die twee vorme te giet. Die Hof kan nie soos die Wetgewer enige alternatiewe vorm bloot net verbied nie. Die ontstaansrede vir die pand benadering was juis gegrond in die bedoeling van die partye en om aan die partye se bedoeling gevolg te gee. Daar is niks onbehoorlik aan die alternatiewe ooreenkoms nie. Ons Howe sal sekerlik aan 'n duidelike bewoorde uit-en-uit sessie met 'n *pactum fiduciae* gevolg gee. 'n Goeie analogie is die erkenning deur die Hoogste Hof van Appèl waar in plaas van 'n verbandakte baseer word, die skuldenaar sy plaas aan die skuldeiser verkoop teen 'n billike koopprys maar onderworpe aan die voorwaarde dat die skuldenaar weer die plaas kan terugkoop teen dieselfde koopprys plus rente.<sup>15</sup>
18. Wat my weer na sessie *in securitatem debiti* laat kyk het, was drie gevalle wat die afgelope jaar op my lessenaar beland het. In al drie die gevalle het daar onbillikhede en onduidelikhede opgeduik. Wat wel duidelik is, is dat weens die afwesigheid van publikasie die sessionaris onvoldoende beskerm word, terwyl in die huidige pandkonstruksie die sedent beskerming geniet. In een geval het 'n bank oorbruggingsfinansiering aan 'n boukonstruksie firma verleen wat die tender by die Vrystaat Provinsie om groot hoeveelheid HOP huise te bou, bekom het. 'n Sessie is aangegaan en die sessie op die Provinsie

---

<sup>15</sup>

VGL: CLAASEN v BESTER 2012(2) SA 404 (SCA).

beteken. 'n Oortrokke rekening word vir die boukontraakteursfirma geopen en miljoene rande begin daaruit uitvloei. Betalings word wel ontvang en skielik staak dit. Navrae blyk nou dat die sedent 'n sessie aangegaan het met 'n verskaffer van al die boumateriaal. Dat hierdie sessie vroeër gedateer was as die van die bank. Vermoedelik is die Provinsie, weens die beginsel van *nemo plus iuris*, adviseer om aan die verskaffer te betaal. Dat die Bank die Provinsie eerste van hulle sessie in kennis gestel het, het geen regs waarde gehad nie. Kennisgewing aan die skuldenaar is geen vereiste vir die geldigheid van 'n sessie nie. Met die eerste sessie is die sedent ontdaan van sy vorderingsreg en kan hy niks daarvan aan die tweede sessionaris oorgedra het nie.<sup>16</sup> Dat die tweede sessie wel van toepassing kan wees op die sedent se “*reversionary interest*” gaan waarskynlik nie van veel waarde wees nie.

19. Die tweede geval was waar 'n bank aan 'n man en vrou die koopprys van 'n woonhuis voorsien het. Die huis word gekoop en 'n verbandakte word daarvoor geregistreer. Verdere sekuriteit was egter nodig en is 'n polis aan die bank sedeer. Betalings verloop in die eerste paar jaar redelik goed en daarna begin dit al hoe stadiger en meer ongereeld inkom. Later stop dit in totaal. Die bank dagvaar toe beide die man en die vrou. Toe daar verdediging aangeteken word is daar 'n

---

<sup>16</sup>

**IN HANAU AND DICKE v STANDARD BANK (1891)(4) SAR 130 op 134 IS DIE TWEDE SESSIONARIS, WAT DIE SKULDENAAR EERSTE KENNIS GEGEE HET, BESKERM. AS ALGEMENE REËL IS DIT VERWERP IN MACKENZIE v MUTUAL LIFE INSURANCE COMPANY OF NEW YORK AND BILBROUGH 1906 TH 116 OP 125. SO 'N REËLING SOU PRINSIPIEEL VERKEERD WEES; SIEN: JR HARKER: CESSION IN SECURITATEM DEBITI SALJ 1981, P. 56 op 66 – 69.**

aansoek om summiere vonnis en is die verweer wat geopper word dat die man reeds jare gelede oorlede is, die doodsertifikaat word aangeheg. Daar is derhalwe wanvoeging. Die tweede verweer dat die bank oor 'n sessie van hierdie polis beskik het, en dat hierdie polis uitbetaal is en die totale eis van die bank reeds vereffen is. Tot die ontsteltenis van die bank word daar 'n betaalde tjek aangeheg van Southern Life, die versekeringsmaatskappy wat nie meer bestaan nie, waar 'n gekruisde tjek uitgemaak is aan die betrokke bank met 'n dwarsstrepie die naam van die betrokke dame Joyce Thlale. Wat van die tjek geword het, en in wie se rekening dit gedeponeer is, is tans nog totaal onduidelik. In die geval mag daar verdere persone aanspreeklik wees. Die uiteindelijke benadeelde sal waarskynlik weer die sessionaris wees.

20. In beide gevalle is die Bank nou aangewys op die kredietwaardigheid van die sedent waarop hy juis nie wou steun nie. Die waarskynlikste wyse hoe hierdie benadeling van die sessionarisse voorkom kon word, is dat daar publikasie van hierdie sessies moet geskied en wat die oordrag of wysiging daarvan betref, die sessionaris 'n aktiewe rol daarin moet speel. Verskeie skrywers het al die gedagte geopper dat sessies in skrif vervat moet word en dat daar een of ander sentrale databasis vir registrasie geskep word. Susan Scott wat sekerlik die meeste oor sessie publiseer het, meen dat so iets nie prakties haalbaar is nie. Wat skrif as vereiste betref, is die ervaring in die praktyk dat sekerlik 99.9% van sessies in skrif vervat is. As 'n persoon die opset en prosedure nagaan van die Security Services Act, 36 van 2004, waar

gehandel word met aandele, effekte, skuldbriewe, obligasies en alle regte in sodanige sekuriteite, skyn dit geensins so onprakties of onmoontlik te wees om dieselfde prosedure vir sessies te skep nie. Die oogmerk van Wet 36 van 2004 is juis om risiko's in die mark te vermy en sekerheid en vertrouwe in die verhandeling en verpanding asook sessie van hierdie sekuriteite te bewerkstellig. Kortliks word gestel dat enige handeling en verhandeling skriftelik moet wees of in elektroniese formaat en in ooreenstemming met die voorgeskrewe reëls. Al hierdie sekuriteite word in sentrale registers aangeteken en alle reghebbendes word ingelig of toestemming word vereis vir enige verandering daarvan. Interessant is dat Artikel 43 van die Security Services Act, 36 van 2004, reël spesifiek die verpanding en sessie van hierdie sekuriteite as sekerheidstelling vir skuld. Inskrywings in die register is nodig, wie die pandhouer en pandgewer is, wie die sedent en sessionaris is en geen belang mag oorgedra word behalwe met die skriftelike toestemming van die pandhouer of sessionaris nie. Artikel 48 reël weer beslaglegging op hierdie sekuriteite. Al hierdie vorme van sekuriteite verteenwoordig inderdaad vorderingsregte en behoort dit, met die moderne tegnologie, nie so 'n onmoontlike taak te wees dat die Wetgewer oorweging daaraan skenk om 'n soortgelyke reëling vir sessies van vorderingsregte te tref nie.

21. Die derde saak het ons nou in **Junie** uitspraak in 'n interlokutêre aansoek om wysiging van 'n dagvaarding gekry. Hier was dit weer 'n geval gewees waar die Provinsie aangespreek word vir miljoene rande deur 'n tenderaar en het

hierdie saak gepaard gegaan met aansoeke en teenaansoeke en is daar reeds etlike honderde duisende rande se regskostes aangegaan. Kort voor die verhoor blyk dit dat hierdie skuldeiser al sy vorderingsregte, bestaendes en toekomstiges, aan Standard Bank sedeer het. Hierdie sessie het plaasgevind voordat die aksie ingestel is. Die verweerskrif word gewysig om die *locus standi* van die Eiser te bevraagteken en indien dit korrek is, sal, weens die afwesigheid van publisiteit van sessies, die Provinsie waarskynlik honderde duisende rande verlies opdoen want die betrokke maatskappy sal waarskynlik nie in staat wees om die koste te betaal nie. Na die pleit geopper is, is die aangeleentheid vir omtrent twee jaar ter ruste gelê voordat dit weer hereis het en is daar eers 'n repliek liasseer waarteen beswaar gemaak is, dit is teruggetrek en toe is daar weer 'n kennisgewing van wysiging van die dagvaardiging waarteen beswaar gemaak is, maar wat die Hof nou in **Junie** vanjaar toegestaan het. Opsommenderwys steun die Eiser vir *locus standi* daarop dat:

- 22.1.1 die sessie verleen is vir die gewone handelsdebiteure aan wie Eiser krediet verleen het, dat die betrokke vorderingsreg 'n eis vir skadevergoeding is wat aan die Eiser as afsonderlike regspersoon persoonlik kleef en dat dit nie debiete nie, maar skade weens kontrakbreuk is wat gevorder word;
- 22.1.2 die sessionaris gedurende **2009** en **2010** toegestem het dat Eiser die aksie teen Verweerder mag instel;



22.1.3 die sessionaris die reg om die betrokke aksie vir skadevergoeding in te stel, gedurende **2009** en **2010** gekanselleer het of abandonneer of daarvan afstand gedoen het.

Die betrokke datums is belangrik want die dagvaarding is op **25 Januarie 2005** beteken. Die Eiser se skuldoorsaak is op die tenderkontrak baseer wat oor 'n periode van vyf jaar gestrek het vanaf **2000** tot **2005**. Eiser se saak is dat die Provinsie kontrakbreuk gepleeg het deurdat hulle by ander verskaffers aangekoop het en nie by Eiser nie. Dit het dwarsdeur die kontrakperiode plaasgevind. Die laaste datum waar die skade ingetree het en opeisbaar was, sou dus tot en met **2005** gewees het. So 'n eis sal in **2008** verjaar het.

### 23. **INTERPRETASIE:**

23.1 Die eerste punt is sekerlik 'n geval van interpretasie van die sessiekontrak. Inderdaad is die kopskrif van hierdie sessie "*Sessie van Boekskulde.*" Dit is die standaard vorm van sessie wat Standard Bank gebruik en word daarin ooreengekom dat die Eiser al Eiser se "*reg, aanspraak en belang op en in alle boek- en ander bestaande toekomstige skulde (en eise van watter aard ookal) wat my/ons verskuldig is of word en op alle regte van aksie wat daaruit voortspruit, aan en ten gunste van die bank verpand, sedeer, afstaan en oordra as 'n voortdurende dekkingsssekuriteit ten opsigte van alle bedrae geld wat en/ons tans of te enige tyd hierna aan die bank skuld of verskuldig is, ongeag enige tydelike uitwissing van*

*sodanige verskuldigheid ...*” Net soos by die uitleg van statute word die kopskrif, aanhef of voorrede geensins oorweeg indien die woorde in die operatiewe gedeelte van die kontrak duidelik en ondubbelsinnig is nie.<sup>17</sup> Dit is duidelik dat nie met boekskulde nie, maar ook alle ander en toekomstige skulde van watter aard ookal deur die Eiser sedeer is wat seer sekerlik ook hierdie skuld sal insluit.

- 23.2 Die bewering dat ‘n kontraktuele eis of skadevergoeding net aan die betrokke kontrakteur kleef is foutief. “*Subject to certain qualifications ... rights may be freely ceded ....*”<sup>18</sup> Sessie van sekere regte mag egter deur statuut, gemenereg of deur die party by ooreenkoms belet word. Nie een van die erkende beletsels is hier teenwoordig nie.<sup>19</sup> Regte wat wel aan ‘n persoon kleef en daarom nie sedeerbaar is nie, is

---

<sup>17</sup> SOOS CHRISTIE DIT STEL: “*THE GENERAL PRINCIPLE IS THAT THEY SHOULD BE REGARDED AS SUBORDINATE TO THE OPERATIVE PART WHICH, IF ITS MEANING IS CLEAR, MUST BE TAKEN THAT AS EXPRESSION THE COMMON INTENTION OF THE PARTIES AND SO MUST PREVAIL OVER ANYTHING TO THE CONTRARY IN THE PREAMBLE. IF THE OPERATIVE PART IS NOT CLEAR, RECOURSE MAY BE HAD TO THE PREAMBLE TO ASSIST ELUCIDATING IT. THE RULE IS THE SAME FOR A CONSTRUCTION OF STATUTES.*” CHRISTIE : THE LAW OF CONTRACT IN SOUTH AFRICA (6DE UITGAWE), P. 219 – 220; AGRICULTURAL SUPPLY ASSOCIATION v OLIVIER 1952(2) SA 661 TPD op 664 C – G; EX PARTE JOHANNESBURG CITY COUNCIL AND ANOTHER 1975(1) SA WLD 816 op 818 F – H; LAW UNION AND ROCK INSURANCE CO. LTD v CARMICHAEL’S EXECUTOR 1917 AD 593 op 597; CLAYTON v METROPOLITAN AND SUBURBAN RAILWAY COMPANY AND WALKER (1893) 10 SC 291 op 304; WILLOUGHBY’S CONSOLIDATED COMPANY v PENDANT AND COMPANY (1988) 16 SC 184; STANDARD BANK v FISHER’S TRUSTEE 1919 TPD 83 op 88; NETHERLANDS BANK OF SA v STERN 1955(1) SA 667 W op 670; WOODBURN MANSIONS (PTY) LTD v DOWELL 1961(3) SA 893 D op 899; BECKER v TOTAL SOUTH AFRICA (PTY) LTD 1990(3) SA 159 T op 171 H – 173 D.

<sup>18</sup> ESTATE FITZPATRICK v ESTATE FRANKELDENOON v ESTATE FRANKEL 1943 AD 207 op 217.

<sup>19</sup> LAWSA (2DE UITGAWE), PAR. 34 9 37.

persoonlikheidsregte soos by die *actio iniuriarum* en aksie vir pyn en lyding tot voor *litis contestatio*.<sup>20</sup>

- 23.3 Regter Conradie, soos hy toe was, het 'n soortgelyke bepaling interpreteer dat dit nie net boekskulde insluit nie, maar ook 'n vorderingsreg vir skadevergoeding.<sup>21</sup> Die Appèlhof het ten aansien van 'n soortgelyke standaard Standard Bank sessie dokument die volgende vermeld: "*The true position is of course that the cessions divested the respondent of the right to claim its contractual remuneration ...*"<sup>22</sup>

Die bewering bots duidelik met die duidelike bewoording van die skriftelike stuk. Kan teenstrydige getuienis aangebied word deur een kontraksparty in 'n geding met 'n derde teen die uitdruklike bewoording van die sessie dokument?<sup>23</sup> Die korrekte standpunt is dat die skriftelike stuk die terme uiteensit, wie ookal daarop wil steun.<sup>24</sup>

- 23.4 In twee beslissings is wel bevind dat die betrokke sessies op daardie feite slegs op handelsdebiteure van toepassing was. In beide gevalle was dit eise weens skadevergoeding van die sedent waar die *locus standi* van die sedent in geskil geplaas

---

<sup>20</sup> GOVERNMENT OF SOUTH AFRICA v NKOBANE 1972(2) SA 601 A op 607; MILNE v SHIELD INSURANCE CO. LTD 1969(3) SA 352 A.  
<sup>21</sup> SPRINGTEX LTD v SPENCER STEWART AND CO. 1991(1) PH A7 C.  
<sup>22</sup> GOUDINI CHROME (PTY) LTD v MCC CONTRACTORS 1993(1) SA 77 AD op 87.  
<sup>23</sup> CHRISTIE Sê: "**COMMONLY, BUT INACCURATELY, STATED THAT THE RULE (PAROL EVIDENCE) BEING INTENDED TO GIVE EFFECT TO THE COMMON INTENTION OF THE PARTIES, APPLIES ONLY TO PROCEEDINGS BETWEEN THEM BUT NOT TO PROCEEDINGS IN WHICH THIRD PARTIES ARE INVOLVED.**" CHRISTIE : P. 204 – 205 MET GESAG DAAR AANGEHAAL.  
<sup>24</sup> SCHROEDER v VAKANSIE BURO (EDMS) BPK 1970(3) SA 240 (T); ZEFFERTT, PAIZES & SKEEN : THE SOUTH AFRICAN LAW OF EVIDENCE (2003), P. 393 – 394.

is weens 'n voorafgaande sessie. In een geval, nadat die pleit liasseer is, het die bank 'n ooreenkoms met die Eiser aangegaan dat hulle hulle sessie aan die sedent terug sedeer met betrekking tot die betrokke vordering wat deur die sedent ingestel is. In die ooreenkoms tussen die bank en die sedent word bevestig dat die partye nie bedoel het dat die betrokke vordering deel van die sessie moet wees nie. Van verdere belang is dat die bank 'n resoluie van die Eiser-maatskappy voor die Hof plaas en daar is geen onduidelikheid dat die betrokke resoluie om die sessie aan te gaan slegs verwys na alle boekskulde tans of wat in die toekoms verskuldig mag word en "*all rights of action arising there under aan die bank te sedeer.*" Die Hof kursiveer die *arising there under* en het bevind dat die betrokke eis om skadevergoeding derhalwe nie by die sessie ingesluit is nie.<sup>25</sup> Die resoluie wat die huidige sessie betref omvat ook duidelik "*boekskulde en ander skulde en eise van watter aard ookal...*"

- 23.5 Die tweede uitspraak van die Appèlhof waar 'n persoon 'n private bankrekening asook 'n besigheidsbankrekening by die bank gehad. Die persoon spreek sy ouditeure aan weens professionele advies wat hom skade persoonlik berokken het. Die ouditeursfirma werp 'n spesiale pleit op dat die persoon nie oor die nodige *locus standi* beskik weens 'n sessie aan die bank. Die betrokke persoon het aansoek gedoen vir verhoging van sy besigheid se oortrokke fasiliteite en is die sessie ooreenkoms toe aangegaan. Die skade wat gely is, is

---

<sup>25</sup>

**MERIGOLD ICE CREAM CO. v NATIONAL CO-OPERATIVE DAIRIES LTD 1997(2) SA 671 WLD.**

deur die betrokke persoon in sy private hoedanigheid gely. Met hierdie agtergrondfeite bevind die Hof dat die betrokke sessie wat aangegaan is vir die besigheidsrekening was en nie vir die persoonlike eise van die betrokke persoon nie.<sup>26</sup>

23.6 In die huidige geval is dit die belangrikste, indien nie die enigste handelsdebiteur van die maatskappy wat aangespreek word weens kontrakbreuk om nie die betrokke produkte by Eiser aan te koop nie. Streng gesproke sal die vorderingsreg op nakoming van 'n handelsdebiteur se verpligting neerkom en indien dit suksesvol is, is dit 'n debiteur se betaling wat die wins wat die maatskappy van sy debiteure sou maak, verteenwoordig. Meer interessant is die volgende gronde van *locus standi*.

24. TOESTEMMING:

24.1 Volgens die pleitstukke steun Eiser nie dat die betrokke sessie dokument so interpreteer word dat die bank toestemming verleen het om hierdie betrokke vordering in te stel nie. Die Eiser steun op die beweerde toestemmings gedurende **2009** en **2010**. Tog het die Regter, wat die wysiging toegestaan het, vermeld dat dit vir hom wil voorkom asof die Eiser met inagneming van die bewoording van die sessie ooreenkoms, in elk geval self aksie sou kon instel totdat die sessionaris tot die teendeel kennis gee. Die Hof verwys vermoedelik na klousule 7 van die sessiekontrak wat lees: "*Ek/ons onderneem*

---

<sup>26</sup>

*en stem verder daartoe in dat ek/ons, totdat kennis tot die teendeel deur die Bank gegee word, as die Bank se agent sal optree vir die invordering van alle gelde wat aan my/ons betaalbaar is of mag word en dat alle sodanige gelde aan die Bank betaal sal word ...”* Dit moet ook gelees word met die onmiddellik voorafgaande klousule waar ooreengekom is dat “*Die Bank kan vanaf die datum hiervan te alle tye self of deur middel van sy genomineerdes of agente alle bedrae geld wat ten opsigte van genoemde skulde aan my/ons betaalbaar is of word, invorder en die Bank se reg om aan enige een van die debiteure kennis te gee van hierdie sessie en om wissels te trek of promesses te verkry van enige debiteur word hiermee erken.... Sou enige van die genoemde skuld deur my/ons ingevoer (sic) word, sal dit onmiddellik aan die Bank oorbetaal word.*” Die Hof steun op die Provinsiale Hoë Hof se uitspraak in **THEKWENI PROPERTIES (PTY) LTD v PICARDI HOTELS LTD** <sup>27</sup> welke Hof weer gesteun het op ‘n Kaapse beslissing, naamlik **SOLOMON N.O. AND OTHERS v SPUR COOL CORPORATION (PTY) AND OTHERS.**<sup>28</sup> Die opmerking en gesag waarop gesteun is, is nie korrek nie. Ter verduideliking:

- 24.2 In die twee betrokke Provinsiale beslissings van **THEKWENI** en **SOLOMON** het die sessie kontrak bepaal dat die sessionaris nie die skuldenare in kennis sal stel van die sessie en nie sal optree sonder die toestemming van die sedent solank die sedent sy verpligtinge nakom nie. Dit is interpreteer

---

<sup>27</sup> 2008(2) SA 156 DD EN CL.

<sup>28</sup> 2002(5) SA 214 C.

dat die “*reversionary interest*” beteken dat die sedent *locus standi* het om normaal voort te kan gaan om die gesedeerde vorderingsregte vir homself in te vorder.<sup>29</sup> Op appèl het Appèlhof hierdie benadering onaanvaarbaar gevind. Die Hoogste Hof van Appèl bevestig die uitgangspunt dat “*it is settled law that unless otherwise agreed, a cession in securitatem debiti results in the cedent being deprived of the right to recover the ceded debt, retaining only the bare dominium or a reversionary interest therein.*”<sup>30</sup>

24.3 Die interpretering van beide Regters in die Provinsiale beslissings van **THEKWENI** en **SOLOMON** dat so ‘n bepaling die sessie opskort en dat die sessie eers in werking tree tot tyd en wyl die sedent nie sy verpligting teen die sessionaris nakom nie met effek dat die sedent nog steeds oor die nodige *locus standi* beskik om die gesedeerde vorderingsregte self in te vorder, foutief is. Die Hoogste Hof van Appèl verwys na ‘n vorige Appèlhof beslissing waar Appèlregter Grosskopf die volgende vermeld het: “*It certainly does not follow that the actual transfer of the rights is suspended. The appellants as cessionaries are merely prevented from personally exercising*

---

<sup>29</sup> DAAR HET DIE SEDENT ‘N GEBOU GEHAD WAT VERHUUR WORD EN HET HY ‘N SESSIE OOREENKOMS MET DIE BANK AANGEGAAN. DIE HOF MELD DAT DIT ONWAARSKYMLIK IS DAT DIE PARTYE BEDOEL HET DT DIE SEDENT MET DIE SESSIE SY REG ONTNEEM WORD OM DIE HUURGELDE GEDURENDE DIE DEKKINGSVERBAND IN TE VORDER. DIE WOORDE VAN DIE SESSIE WAS DAT DIE SESSIONARIS NIE KRAGTENS DIE SESSIE SAL OPTREE SONDER DIE TOESTEMMING VAN DIE VERBANDGEWER TENSY DIE VERBANDGEWER IN VERSUIM IS MET SY VERPLIGTINGE TEENoor DIE BANK.

<sup>30</sup> PICARDI HOTELS LTD v THEKWINI PROPERTIES (PTY) LTD 2009(1) SA 493 SCA op 496, PAR. 3.

*those rights until the corporation defaults and notice has been given.”*<sup>31</sup>

24.4 Die Hof bevind dat *“to interpret the cession in the manner contended for by the Respondent will be destructive of the very purpose for which the cession in securitatem debiti was entered into... Were the Respondent’s interpretation correct, the Bank would enjoy no security from the cession in the event of the Respondent’ insolvency.”*<sup>32</sup>

24.5 Van verdere belang is die Hoogste Hof van Appèl se standpunt teen die advokaat se submissie dat as dit so interpreteer word, beteken dit dat die sedent nie die huurgeld kan invorder om sy verband-paaieimente te betaal nie. Die Hof meld *“there is no practical bar to the Respondent in such a situation from simply continuing to collect the rentals, the cession notwithstanding. This is a question of mandate. It is not unusual for a creditor to permit a debtor to collect ceded debts.”*<sup>33</sup> ... *“If, however, the Respondent wish to sue for unpaid rentals it would have to obtain a recession of the ceded claims from the Bank .... The consequence is that the Respondent was divested of the power to sue the appellant in respect of the unpaid rentals. In order to sue for the recovery of the ceded debts the Respondent should have taken*

---

<sup>31</sup> PG BISON LTD AND OTHERS v THE MASTER AND ANOTHER 2000(1) SA 859 SCA op 863 H – I.

<sup>32</sup> PICARDI HOTELS LTD – SAAK OP 498, PAR. 12.

<sup>33</sup> OP 498, PAR. 13 H – I. DIE HOF VERWYS NA GOUDINI CHROME (PTY) LTD v MCC CONTRACTS (PTY) LTD 1993(1) SA 77 A op 87 H EN SPRINGTEX LTD v SPENCER, STEWART AND COMPANY 1991(1) PH A 7 (C).



*recession of them from the Bank.*<sup>34</sup> Die Hof bevestig ook dat die beslissing van **SOLOMON N.O.** wat teenstrydig is met dië betrokke konklusie, verkeerd is en verwerp word.

24.6 Daar was gesag van enkel Regters in Provinsiale Howe dat 'n sedent in sy eie naam kan dagvaar as agent van die sessionaris as synde 'n ongeopenbaarde prinsipaal.<sup>35</sup> Die benadering was reeds deur die Hoogste Hof van Appèl in 'n *obiter dictum* bevraagteken.<sup>36</sup> Dit is later uitdruklik verwerp deur die Volbank. 'n Sedent kan nie in eie naam dagvaar en hom verweer dat hy as agent van 'n ongeopenbaarde prinsipaal opgetree het nie.<sup>37</sup>

24.7 In 'n soortgelyke geval waar 'n sedent sy regte in huurkontrakte aan die bank *in securitatem debiti* sedgeer het, het die partye ooreengekom dat ongeag die sessie die sedent nog steeds sonder koste vir die bank, die huur kan invorder vir homself op voorwaarde dat hy nie in versuim is met sy verpligtinge teenoor die bank nie en die bank nie hierdie bevoegdheid termineer nie. Die Natalse Provinsiale Hof interpreteer die bepalinge dat die *locus standi* om die huurgelde in te vorder nog steeds in die sedent rus en dat hy in sy eie naam en nie as agent optree nie. Ter regverdiging

<sup>34</sup> OP 498 *IN FINE EN PAR.* 14 op 499.

<sup>35</sup> SIEN: CLARK v VAN RENSBURG 1964(4) SA 153 O op 158; BARRY MARAIS EN SEUNS v ELI LILLY SA (PTY) LTD : IN RE BARRY MARAIS EN SEUNS v ELI LILLY SA (PTY) LTD 1995(1) SA 469 W op 473 E – 475 B.

<sup>36</sup> WAIKIWI SHIPPING CO. LTD v THOMAS BARLOW AND SONS (NATAL LTD) 1978(1) SA 671 A op 680 F.

<sup>37</sup> STANDARD GENERAL INSURANCE CO. LTD v ELI LILLY SA (PTY) LTD (FBC HOLDINGS (PTY) LTD THIRD PARTY) 1996(1) SA 382 W op 385 F – H EN 386 E – 387 F; GRINDROD (PTY) LTD v SEAMAN 1998(2) SA 347 C op 354 D – I; GOODWIN STABLE TRUST v DUOHEX (PTY) LTD 1998(4) SA 606 C op 623 A – 624 A.

dat die sedent nie as agent optree nie, bevind die Hof dat daar geen verpligtinge in terme van die ooreenkoms was dat die betalings wat ontvang word aan die bank betaal moet word nie. “*As if it would had been, if it was acting as agent for the Bank.*”<sup>38</sup> Die effek van hierdie ooreenkoms en interpretasie is myns insiens dat dit ‘n voorwaardelike sessie was en die Bank eers volle sessionaris sal word sodra die voorwaardes intree waarkragtens die Bank eers dan die vorderingsregte dan self kan invorder. Die verdere gevolg is dat die Bank intussen geen sekuriteit gevestig het by insolvensie van die sedent nie. In effek bestaan daar geen sessie tot tyd en wyl die voorwaardes dan vervul is nie. In die huidige Standard Bank sessie-dokument kon die sedent as “*agent*” vir die Bank optree vir die invordering van die gelde en is verder die agentskap bevestig deur “*dat alle sodanige gelde aan die Bank betaal sal word.*” Die saak sal ook nie die Eiser help nie.

- 24.8 Die Appèlhof het in ‘n aangeleentheid waar ‘n koöperasie aansoek gedoen het om die sekwestrasie van een van sy kliënte erkenning aan die voorwaardelike sessie verleen. Die vraag voor die Hof was of die koöperasie *locus standi* gehad het om aansoek vir sekwestrasie te doen weens die feit dat die koöperasie ‘n sessie met Landbank aangegaan het waarkragtens al die Bank se vorderingsregte aan die Landbank sedeer is. Die Hof bevestig die algemene beginsel dat by sessie *in securitatem debiti* die sedent ontdaan word van sy reg om die gesedeerde skuld in te vorder en daarom

---

<sup>38</sup>

OVLAND MANAGEMENT (TRANSVAAL) (PTY) LTD v PETRIM (PTY) LTD 1995(3) SA 276 NPD op 284 H.

geen *locus standi* het om dit af te dwing nie.<sup>39</sup> Die betrokke sessie se bewoording sluit ook *locus standi* uit maar is die sessie verleen ooreenkomstig Artikel 38 van die Landbank Wet, 13 van 1944 en wel gelees met Artikel 63 daarvan. Die Artikel reël voorskotte en die invordering daarvan en moet daar eers sekere voorwaardes plaasvind alvorens die Landbank teen krediteure mag optree. Streng gesproke, indien die sessie op gesigswaarde interpreteer word, gelees in die lig van Artikel 38 sou nòg die koöperasie, nòg die Landbank enige *locus standi* teen Louw gehad het tot tyd en wyl die betrokke voorwaardes in Artikel 63 nagekom is. Nie een van daardie gebeure het intussen plaasgevind nie. Die Hof bevind dat die ware bedoeling tussen die partye was dat die sessie voorwaardelik moet wees en dat daar aan gevolg gegee word omdat die partye gesamentlik so ooreengekom het, al weerspreek dit die letterlike betekenis van die woorde wat gebruik is en dat die koöperasie dan wel oor die nodige *locus standi* beskik het.<sup>40</sup> Die vraag of waar die invorderingsreg nog steeds volledig by die sedent berus en die sedent dit kan aanwend vir sy eie doeleindes, dit die sessionaris ontnem van enige sekuriteit by insolvensie is nie oorweeg nie. Ook nie die vraag of daar 'n opdeling van vorderingsregte van invorderings kan wees deurdat een party geregtig is om die vorderingsreg in te vorder vir sy eie doeleindes en die ander party steeds oor die inhoud van die vorderingsreg weens die sessie beskik nie. So 'n standpunt

---

 39

40

**LOUW v WP KO-OPERATIEF BEPERK EN ANDERE 1994(3) SA 434 A op 443 F. OP 445 D.**

blyk enersyds teenstrydig met mekaar te wees en word die hele wese van sessie daarmee ontken.

24.9 Die Appèlhof het reeds standpunt ingeneem dat “*a right of action does not exist independently of the underlying right itself. The former is merely the procedural manifestation of the latter.*”<sup>41</sup> ‘n Volbank het hierdie beginsel bevestig. Dat hierdie vorderingsreg wat sedeer is, nie opgedeel kan word sodat die sedent *locus standi* van die vorderingsreg het om dit in te vorder en die opbrengs aanwend na goeddunke van die sedent, terwyl die sessionaris nog steeds oor die inhoud van die vorderingsreg beskik nie. Die Hof sê so ‘n sessie is “*ineffective in law.*” Die Hof verduidelik dat “*it is not competent in law to separate the ceded claim from the procedural right to enforce performance thereof by way of legal proceedings. The purported recession to the Plaintiff is ineffective.*”<sup>42</sup>

24.10.1 In twee gevalle, waar die identiese Standard Bank sessie-dokumente ter sprake was, doen ‘n Maatskappy aansoek vir likwidasië van ‘n Respondent-maatskappy. Voor aanhoor van die aansoek word die Applikant-maatskappy egter likwideer en sy likwidateur wens met die likwidasië aansoek voort te gaan. In die **SPENDIFF N.O.**-saak voor Regter Thring blyk dit dat daar ‘n sessie deur die vorige Applikant-maatskappy aan Standard Bank was, ooreenkomstig hul standaard vorm en waarin ook ooreengekom is dat die maatskappy as agent van

---

<sup>41</sup> FIRST NATIONAL BANK OF SA LTD v LYNN 1996(2) SA 339 A op 352 C – D.  
<sup>42</sup> HOMES FOR SOUTH AFRICA (PTY) LTD v RAND BUILDING CONTRACTORS (PTY) LTD 2004(6) SA 373 WLD op 377 G – H.

die Bank die gelde kan invorder en aan die Bank betaal. Die Hof gevind dat die Applikant-maatskappy en daarom ook die likwidadeur nie oor die nodige *locus standi* beskik nie. Die Bank het 'n wesenlike belang in die sessie en vorm dit deel van die sekuriteit. Die effektiwiteit van die sekuriteit sal afhang van die verhaalbaarheid van die skuld. Dat die likwidadeur derhalwe nie oor *locus standi* beskik het nie, want alhoewel die vorige Applikant-maatskappy wel die gelde invorder, maar het hy nie die reg gehad om gelde in te vorder “*on its own account or for its own benefit*” nie. Dat die gelde wat ingevorder word “*had to be paid to the Bank*”. Dat dit duidelik was dat die vorige maatskappy nie geregtig was “*to retain anything in relation to the debts, save the right, vis-à-vis the Bank, to have the claims against debtors (or the balance thereof) return to it after its debt to the Bank had been satisfied...*” Oor 'n moontlike substitusie deur die Bank is die Hof ook nie beïndruk nie. Die kernvraag was of die betrokke maatskappy, toe hy die aansoek ingestel het, oor die nodige *locus standi* beskik het.<sup>43</sup> Weens die sessie is hy van *locus standi* ontnem.

- 24.10.2 Regter Nestadt, soos hy toe was, het in 'n soortgelyke geval waar 'n maatskappy 'n ander maatskappy se likwidasië en voor aanhoor van die likwidasië die Applikant-maatskappy self likwideer is en die likwidadeur wou voortgaan, bevind dat waar 'n sessie ter sprake was aan Standard Bank ooreenkomstig hulle standaard sessie ooreenkoms, die likwidadeur nie oor die

---

<sup>43</sup>

**SPENDIFF N.O. v JAJ DISTRIBUTORS (PTY) LTD 1989(4) SA 126 C op 134A – I; 135 H – I.**

nodige *locus standi* beskik het nie. Die alternatiewe bede dat Standard Bank die likwidateur kan vervang word ook afgewys. Alhoewel 'n sedent nog steeds oor die dominium van die reg beskik by 'n sessie *in securitatem debiti*, dit nie verhef kan word tot 'n volledige vorderingsreg om sodoende die sedent as 'n krediteur te tipeer nie. Teenoor derde partye is 'n sessie *in securitatem debiti* net so effektief soos 'n uit-en-uit sessie. Die sedent het nie die bevoegdhede van 'n *dominus* van 'n vorderingsreg alhoewel hy oor die "*dominium*" beskik nie. Laasgenoemde gee vir hom slegs die reg dat die volle vorderingsreg op die sedent sal terugval sodra die skuld teenoor die sessionaris vereffen is.<sup>44</sup> Die benadering in die **HOLZMAN**- saak is deur die Hoogste Hof van Appèl met goedkeuring aangehaal.<sup>45</sup>

---

<sup>44</sup> **HOLZMAN N.O. AND ANOTHER v KNIGHTS ENGINEERING PRECISION WORKS (PTY) LTD 1979(2) SA 784 WLD. IN PRUDENTIAL SHIPPERS SA LTD v TEMPEST CLOTHING CO. LTD 1976(4) SA 75 WLD HET DIE REGTER BEVIND DAT WAAR 'N APPLIKANT 'N SESSIE AANGEGAAN HET, HY NIE OOR DIE NODIGE *LOCUS STANDI* BESKIK OM AANSOEK TE DOEN VIR DIE LIKWIDASIE VAN SY SKULDENAAR NIE. BY 'N SESSIE *IN SECURITATEM DEBITI* HET SLEGS DIE SESSIONARIS ALLEEN DIE REG OM HIERDIE VORDERINGSREGTE AF TE DWING.**

<sup>45</sup> **BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 A op 293 F – H. IN DIE AFRICAN CONSOLIDATED AGENCIES (PTY) LTD v SIEMENS NIXDORF INFO SYSTEMS 1992(2) SA 739 (CPD) SAAK HET REGTER KING BEVIND DAT WAAR 'N SESSIE TEN GUNSTE VAN BARCLAYS BANK VERLY WAS, DIE EISER AS SESSIONARIS NIE MEER OOR ENIGE VORDERINGSREG BESKIK HET NIE. DAT DIT NIE SLEGS OP BOEKSKULDE SLAAN WAT UIT SY HANDELSAKTIWITEITE SPRUIT WAT BY DIE BETROKKE SESSIE INGESLUIT IS NIE. DIT WORD BEKLEMT OON DAT DIE BEGINSEL DAT 'N SEDENT SE LIKWIDATEUR OF KURATOR DIE GELDE KAN INVORDER NUTTIG IS, MAAR DAT DIT SLEGS BY INSOLVENSIE VAN TOEPASSING IS. "THIS PRACTICE IS PECULIAR TO THE INSOLVENT CEDENT AND DOES NOT MEAN THAT A SOLVENT CEDENT RETAINS A RIGHT OF ACTION IN RESPECT OF CEDED RIGHTS BECAUSE THE AUTHORITIES ARE CLEAR THAT DURING THE CURRENCY OF THE CESSION (ABSENT THE INTERVENTION OF INSOLVENCY) THE CESSIONARY HOLDS THE EXCLUSIVE RIGHT TO TAKE ACTIONS THEREON."** DIE HOF VERWYS NA VERSKEIE UITSPRAKE VAN DIE APPÈLHOF WAAR DIE BEGINSEL BEVESTIG WORD DAT DIE POSISIE BY INSOLVENSIE 'N AFSONDERLIKE WYSE VAN INTERPRETERING VERG EN TOEPASSING VIND SOOS IN DIE COHENS SAAK EN LUYTS SAAK (LUYTS N.O. v NOORD WESTELIKE

24.10.3 Wanneer 'n sedent toegelaat word om die skulde van sy skuldenare in te vorder, moet 'n duidelike onderskeid getrek te word tussen die gevalle van 'n voorwaardelike sessie en gevalle waar die sedent as agent van die Bank optree. In die eerste geval het hy *locus standi* en nie in die tweede geval nie. Die opskortende reëling sal onwaarskynlik die bedoeling van die partye wees omrede die kredietgewer of sessionaris dan geensins beskerm word in geval van die insolvensie van die sedent nie. Dit is seer sekerlik nie die bedoeling en oogmerk van 'n sessie *in securitatem debiti* nie. Waar in praktyk die sedent in die tweede geval egter steeds voortgaan en skulde invorder, bly die enigste konstruksie dat hy dit dan as agent verrig. Indien hy dit in sy eie naam doen en sy *locus standi* word nie in geskil geplaas nie, vind daar nie probleme in die praktyk plaas nie. Waar dit egter in geskil geplaas word is die konstruksie dat hy dan as agent optree en dat hy nie in sy eie naam kon dagvaar nie. Die Hoogste Hof van Appèl het in die **PICARDI HOTELS LTD**- saak bevind dat "*there is no practical bar to the Respondent in such a situation from simply continuing to collect the rentals, the cession notwithstanding. This is a question of mandate.*"<sup>46</sup>.

46

---

KOÖPERATIEWE LANDBOUMAATSKAPPY BPK EN ANDERS 1985(2) SA 769 A; NATIONAL BANK OF SA LTD v COHEN'S TRUSTEE 1911 AD 235.  
**PICARDI HOTELS LTD v THEKWINI PROPERTIES (PTY) LTD 2009(1) SA 493 SCA op 498 I. DAAR IS REEDS DAAROP GEWYS DAT IN DIE PB BISON LTD SAAK DIE APPÈLHOF BEVIND HET DAT BY 'N SESSIE IN SECURITATEM DEBITI, WAAR DIE SEDENT OPTREE, HY DIT SLEGS DOEN AS AGENT VAN DIE SESSIONARIS. DIT BLYK DUS 'N GEVAL VAN 'N LASGEWING. DIE VOLBANK HET IN HOMES FOR SOUTH AFRICA (PTY) LTD v RAND BUILDING CONTRACTORS (PTY) LTD 2004(6) SA 373 WLD DIESELFDE BEGINSELS BEVESTIG. SELFS DIE "REVERSIONARY RIGHT" WAT 'N SEDENT BEHOU GEE HOM NIE LOCUS STANDI OM VORDERINGSREGTE AF TE DWING WAT HY SEDEER HET NIE. DIT KAN SLEGS**

24.10.4 Om terug te keer tot die vraag onder bespreking waar die huidige Eiser gepleit het dat toestemming verleen is in die jare **2009** en **2010** en nie steun op toestemming in terme van die sessie kontrak nie, is die antwoord sekerlik dat die vraag moet gevra word of die Eiser by instel van die aksie oor die nodige *locus standi* beskik het en indien dit nie positief beantwoord word nie, behoort enige toestemming na die tyd nie die Eiser met die nodige *locus standi* te beklee nie. Die Bank as sessionaris was die enigste krediteur, nie die Eiser nie. Die enigste moontlikheid is dat die Bank by wyse van aansoek, die Eiser as skuldeiser vervang. Die Hof het inherent 'n jurisdiksie om sodanige vervanging toe te staan maar sal dit nie doen tot benadeling van die skuldenaar nie. Die eis van Standard Bank het al verjaar en sal die skuldenaar benadeel word indien daar nou substitusie plaasvind. Hierdie aspek is baie duidelik bewoord en verduidelik in 'n artikel deur Appèlregter Belinda van Heerden.<sup>47</sup>

25. **AFSTANDDOENING / ABANDONERING / KANSELLERING:**

25.1 Die Eiser beweer dat die Bank bewus was van hierdie aksie en hulle inderdaad deur middel van die oortrokke rekening finansier het en daarom uitdruklik of alternatiewelik afstand gedoen het van hulle reg op vordering van hierdie skuld. Alternatiewelik word beweer dat daar op sekere datums

<sup>47</sup>

---

BY TERUGSESSIE PLAASVIND. HY KAN OOK NIE IN SY EIE NAAM AS AGENT OPTREE NIE WANT SLEGS DIE BANK IS DIE WARE SKULDEISER.  
VAN HEERDEN B : LEGAL PROCEEDINGS AFTER CESSION OF PERSONAL RIGHTS : SOME PERENNIAL PROBLEMS (1995) 112 SCLJ 379.



gedurende **2009** en **2010** deur bepaalde amptenare afstand van gedoen is van hierdie reg deur die kansellasië, afstanddoening of abandonering daarvan.

- 25.2 Die waarskynlikhede is oorweldigend teen die blote bewering van afstanddoening. Teoreties is dit moontlik en bewysbaar. Ongeag die feitelike vermoede dat 'n persoon nie maklik van regte afstand doen nie.<sup>48</sup>
- 25.3 Selfs al is die sessie in skrif en al is daar 'n nie-wysigings klousule (Shifren-klousule), kan 'n party steeds afstanddoening bewys al is daar aan geen van die voorgeskrewe formaliteitsvereistes voldoen nie.<sup>49</sup>
- 25.4 Die vraag is of by afstanddoening en kansellering of abandonering die vorderingsregte outomaties terug sou val soos by voldoening aan die skuld deur die sedent aan die sessionaris? Behoort die beginsel te geld dat solank as wat die skuld bestaan, die sessionaris slegs deur middel van 'n terugsessie oor die nodige *locus standi* bekleë kan word.<sup>50</sup> Dit moet in elk geval vermeld word dat by terug-sessie, 'n Eiser

48

49

50

**FEINSTEIN v NIGGLI 1981(2) SA 684 A.**

**VAN AS v DU PREEZ 1981(3) SA 760 T; VENTER v BIRSCHOLTZ 1972(1) SA 276 A. ESTATE KONEN v KONEN AND VOS (1915) 36 NLR 518; STANDARD GENERAL INSURANCE CO. LTD v ELI LILLY SA (PTY) LTD (FBC HOLDINGS (PTY) LTD, THIRD PARTY) 1996(1) SA 382 W op 385 G – H, 387 D; GOODWIN STABLE TRUST v DUOHEX (PTY) LTD 1999(3) SA 353 C op 354 H – I; GEORGE LODER AND CO. v VOSLOO 1939 OPD 151; NATIONAL BANK OF SA LTD v COHEN'S TRUSTEE 1911 AD 235 op 247; BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER 1987(1) SA 276 A op 294 D – E; INGLEDON (WELKOM) (PTY) LTD v QUA-QUO DEVELOPMENT CORPORATION LTD 1990(4) SA 798 A op 804 I – 805 A; AFRICAN CONSOLIDATED AGENCIES (PTY) LTD v SIMMONS NIXDORFF INFORMATION SYSTEMS (PTY) LTD 1992(2) SA 739 C op 742 C – D; GROBLER v OOSTHUIZEN 2009(5) SA 500 SCA op 509 B – F.**

nie in sy eie naam, maar as sessionaris moet dagvaar en dat die pleitstukke dit moet aantoon.<sup>51</sup>

25.5 Die outomatiese terugval van die volle vorderingsreg aan die sedent is deur ons Howe net van toepassing gemaak waar die hoofskuld – die rede vir die sessie *in securitatem debiti* – afgelos is of die *causa* vir die sessie nooit tot stand gekom het nie. (**GROBBELAAR**- saak). Die sessie *in securitatem debiti* is aksesoor tot die oorspronklike verbintenis en verval slegs as die oorspronklike verbintenis as *causa* van die sessie nagekom is of nooit bestaan het nie.<sup>52</sup> Solank die hoofskuld bestaan behoort, selfs by abandonering, kansellering of afstand-doening van die sessionaris se reg om die vorderingsreg self af te dwing, dit slegs regsgeldig op die sedent kan terugval indien daar 'n terugsessie plaasvind. Dit behoort nie in hierdie gevalle outomaties terugval in die sedent se boedel nie. Die terminologie van afstanddoening, abandonering of kansellering, waar die hoofskuld nog bestaan, kan slegs regstegnies beteken en vervat word in 'n terugsessie.

## 26. VERJARING:

26.1 By sessie tree die sessionaris in die skoene van die sedent en is dit 'n vervanging van skuldeisers. In hierdie geval het die

<sup>51</sup>

<sup>52</sup>

LAWSA (2DE UITGAWE), PAR. 46.

SASFIN (PTY) LTD v BEUKES 1989(1) SA 1 A op 9 H – I; GROBLER v OOSTHUIZEN 2009(5) SA 500 SCA op 509 B – D; NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD v COHEN'S TRUSTEE 1911 AD 235 op 246 – 247; BANK OF LISBON AND SOUTH AFRICA LTD v THE MASTER AND OTHERS 1987(1) SA 276 A op 294 E – F.

skuld op die beste vir die Eiser op einde **2005** ingetree van wanneer af dit toe opeisbaar en betaalbaar was. Drie jaar sou verstryk het gedurende **Desember 2008**. Die toestemmings en abandonering en kansellasies het na bewering in **2009** en **2010** plaasgevind. Dit kan aanvaar word dat Standard Bank die identiteit en besonderhede van hierdie skuldenare kon vasstel weens die bepaling van die sessiekontrak dat dit te enige tyd deur die sedent aan Standard Bank openbaar kan word.

26.2 *“The act of cession does not interrupt the prescription. Prescription continues to run from its original inception date.”... “Consequently once the cessionary is in a position to interrupt the running of prescription against it as the now holder of a cause of action, and does not do so for a period of prescription, it loses the right of action ceded to it. It follows that the cessionary cannot cede back to the cedent (or to anyone else) the cause of action which has already prescribed.”<sup>53</sup>*

26.3 Regter Streicher (soos hy toe was), bevestig dat ‘n dagvaarding wat deur die sedent in sy eie naam uitgereik is nie verjaring stop nie. Verjaring kan slegs gestop word deur ‘n Eiser en ‘n Eiser by ‘n sessie *in securitatem debiti*, is die sessionaris. So ‘n dagvaarding deur ‘n sedent kan derhalwe

---

<sup>53</sup>

SANER : PRESCRIPTION IN SOUTH AFRICAN LAW, P. 3-133; AANHALING KOM UIT GRINDROD (PTY) LTD v SEAMAN 1998(2) SA 347 C op 345 H – I.

nie verjaring stuit nie en as verjaring reeds ingetree het, kan daar ook nie substitusie van skuldeisers plaasvind nie.<sup>54</sup>

26.4 Dit skyn derhalwe of die wysiging, bloot weens die feit van verjaring, nie toegestaan behoort te gewees het nie, maar behoort verjaring in elk suksesvol as verweer opgewerp te kan word teen hierdie bewerings van toestemming, abandonering, afstanddoening en kansellasië gedurende **2009** en **2010**.

27. **OPSOMMING:**

27.1 Daar weereens ernstige oorweging aan geskenk moet word of daar nie bepaalde formaliteitsvereistes vir 'n sessie, soos skrif, voorgeskryf behoort te word nie en dat daar nie 'n sentrale databasis vir registrasie van sessies geskep word en dat die oordrag eers voltooi is sodra registrasie van hierdie sessie by hierdie databasis plaasgevind het nie. Dat, soos by verbande of notariële verbande, of sessie van vorderingsregte by aandele, effekte, obligasies of skuldbriewe, daar 'n formele toestemming of kansellering van die sessie deur die sessionaris moet plaasvind alvorens dit weer terugval in die sedent se boedel.

27.2 Daar 'n duidelike onderskeid getref moet word tussen die voorwaardelike sessie met die belangrike gevolg dat geen sekuriteit aan die sessionaris gebied word nie en andersins 'n

<sup>54</sup>

**STANDARD GENERAL INSURANCE CO. v ELI LILLY SA (PTY) LTD (FBC HOLDINGS (PTY) LTD, THIRD PARTY) 1996(1) SA 382 W op 385 F – G; 385 H; 385 J – 386 B; 387 B EN 387 H.**

reëling waar die sedent intussen die gelde kan invorder vir die sessionaris, maar dat dit dan slegs gedoen word as 'n agent van die sessionaris. Indien die *locus standi* in die laaste geval bevraagteken word, sal die aksie of teruggetrek moet word of die sessionaris die sedent op die stukke moet vervang, by wyse van 'n aansoek by 'n Hof.

- 27.3 Dat solank as wat die hoofskuld bestaan, enige afstanddoening, abandonering of kansellering van die reg slegs op die sedent kan terugval by wyse van 'n terugsessie en dat dit nie in hierdie gevalle outomaties behoort terug te val in die boedel van die sedent nie.
- 27.4 Dat waar die *causa* of verbinteniskeppende ooreenkoms van meet of nietig is, enige prestasie deur die skuldenaar aan die gewaande sessionaris terugvorderbaar is deur die sedent. Dat die grondslag van hierdie vordering op ongeregverdigde verryking baseer is.
- 27.5 Dat die reeks sake wat die pandreg as teoretiese basis vir die sessie *in securitatem debiti* aanvaar het, nie die moontlikheid uitgeskakel het nie dat waar partye duidelik hulle sessie inklee om 'n uit-en-uit sessie met 'n *pactum fiduciae*, die Hof aan hulle bedoeling gevolg sal gee.
- 27.6 Dat by sessie *in securitatem debiti* dit regtens nie moontlik is om waar die vorderingsreg oorgedra is aan die sessionaris die prosedurele reg of *locus standi*, om die vorderingsreg in te vorder, by die sedent kan berus nie.